

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Beleggings: Verstaan jy die risiko's?

Aandele riskant, maar onmisbaar vir portefeulje wat op lang termyn wil groei

Kom ons gesels oor beleggingsrisiko, iets wat niemand van hou nie. En oor beleggingsopbrengs, waarna almal streef. Die twee loop hand aan hand, maar is nie maats nie.

Ek het al hier geskryf oor risiko. Belasting is 'n risiko. Inflasie is 'n risiko. Beleggingsmarkte wat soms lyk of hulle net een pad ken en dit is ondertoe is 'n risiko. Maar dit is risiko's wat bestuurbaar is. Die moeilikste beleggingsrisiko om te bestuur, sit tussen 'n mens se ore.

Mense glo wat hulle wil glo. Mense sal eerder die risiko van mislukking aanvaar deur die skare te volg as om die risiko van sukses aan te gryp deur nie die meerderheid na te aap nie.

Dink maar daarvoor in die lig van wat ek hieronder noem.

'n Goeie balans


Kom ons kyk wat het oor die afgelope jaar gebeur met ons beleggingsmark. Ja, die een waaroor die grootbekke so geraas en geskreeu het en sommige het mense selfs aangeraai om al hul geld in die buiteland te belê.

Ek het in my voorbereiding vir vandag se rubriek drie beleggingsfondse gekies, nie op grond van groei nie, maar somer net uit die groep fondse wat ons in ons praktyk gebruik, en sonder om vooraf te kyk na hoe hulle gevaar het. Dit is tipies van die fondse wat gebruik sal word in 'n kliënt se portefeulje.

Die eerste is 'n gebalanseerde fonds wat aktief bestuur word. Sy risikoprofiel is matig en hy is goed gebalanseer tussen binne- en buitelandse aandele, kontant en effekte. Die doel van die fonds is stabiele groei met 'n redelike vermoë om inkomste te kan voorsien. Ons noem hom die **Bestuurde fonds**.

Die tweede fonds is 'n suiwer aandelefonds, wat waarde soek in ondergewaardeerde en minder gewilde aandele. Sy risikoprofiel is hoog (aggressief). Sy doel is om oor tyd skaamteloos groei te jaag. Dit is nie 'n korttermynfonds nie. Ons noem


Fondsprestasie oor 1 jaar



Bron: Ninety One

Grafika24

Batetoewysing



Bron: Ninety One

Grafika24

hom die **Waardefonds**.

Die derde fonds is 'n laerisikofonds (konservatief), wat gemik is daarop om kapitaal te beskerm en 'n inkomste te bied. Die bateklasse waarin hy belê, is kontant en effekte. Ons noem hom die **Inkomstefonds**.

skommelings blootgestel is as aandele nie. En die aandelekomponent sorg vir groei oor tyd. Dis benewens die feit dat dit ook meer belastingvriendelik is, synde jy nie inkomstebelasting daarop betaal nie, maar kapitaalwinstbelasting.

Dus, nog 'n risiko wat bestuur word met aandele.

Grafiek 2 wys vir ons die groei in hierdie fondse die afgelope jaar. Dit toon duidelik die verskil tussen die groeipotensiaal van aandele en die laer groei as jy te veilig wil speel.

Die **Inkomstefonds** het 5,15% groei gelewer, terwyl die **Bestuurde fonds** 18,56% groei en die **Waardefonds** 'n alreëntige 63,63% groei toon. Die gemiddelde groei in die portefeulje was 32,20% oor die jaar.

Dit wys ook op 'n verdere risiko. Die risiko van nié in die mark wees nie. As jy jou kapitaal wil laat groei, moet jy eenvoudig in aandele belê; daar is net geen ander manier nie. Uiteraard sal die hoeveelheid in aandele afhang van jou vermoëns en behoeftes, maar jy kan nie heeltemal daarsonder nie.

Net so kan jy ook nie alles in aandele belê nie (tensy jy baie jonk is en geld elders hou vir 'n noodgeval). Hoewel die Waardefonds byvoorbeeld al in sy beste 12-maande-periode groei van 88,31% kon wys, het hy in sy swakste 12-maande-periode -27,15% getoon. Dit is wanneer jy bly is jy het ook meer konserwatiewe fondse in jou portefeulje.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.